**Skriflesing:** 1 Timotheus 4: 6- 16
Teks: **1 Timotheus 4: 16**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 105: 1,2**
**TYDENS EREDIENS – Ps. 98: 1,4; Ps. 139:1,12; Sb. 12-3: 1,2; Sb. 15-1 (56): 1,2,3,4**

**1 Timotheus 4: 6- 16**

1Ti 4:6 As jy hierdie dinge aan die broers voorhou, sal jy 'n goeie dienaar van Christus Jesus wees wat jouself voed met die woorde van die geloof en die goeie leer waarvan jy 'n aanhanger geword het.
1Ti 4:7 Maar van onheilige en sinlose verdigsels moet jy wegbly. Oefen jou liewer om in toewyding aan God te lewe.
1Ti 4:8 Om jou liggaam te oefen, het wel 'n bietjie waarde, maar om in toewyding aan God te lewe, het in alle opsigte groot waarde, want dit bevat 'n belofte van lewe, vir nou en die toekoms.
1Ti 4:9 Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word.
1Ti 4:10 Met hierdie vooruitsig span ons ons kragte in en stry ons, want ons het ons hoop op die lewende God gevestig, wat die Verlosser is van alle mense, van almal wat glo.
1Ti 4:11 Hierdie dinge moet jy die mense beveel en leer.
1Ti 4:12 Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid.
1Ti 4:13 Totdat ek kom, moet jy jou daarop toelê om uit die Skrif voor te lees, te preek en onderrig te gee.
1Ti 4:14 Moenie die genadegawe wat jy het, verwaarloos nie. Dit is aan jou gegee deur die profesieë toe die raad van ouderlinge jou die hande opgelê het.
1Ti 4:15 Lê jou op hierdie dinge toe, leef daarin, sodat almal jou vordering kan sien.
1Ti 4:16 Let goed op jou lewe en jou leer, volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as dié wat na jou luister.

**Skriflesing:** 1 Timotheus 4: 6- 16
Teks: **1 Timotheus 4: 16**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 105: 1,2**
**TYDENS EREDIENS – Ps. 98: 1,4; Ps. 139:1,12; Sb. 12-3: 1,2; Sb. 15-1 (56): 1,2,3,4**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, aan die begin van hierdie hoofstuk het die Here dit duidelik gemaak dat soos die wêreld ouer word, gaan die afval ook meer word. Vers 1 stel dit duidelik ... die Heilige Gees is die Een wat praat ...ons lees ... *1 Die Gees sê uitdruklik dat in die eindtyd sommige afvallig sal word van die geloof.* Baie duidelik is dit ook deel van die wêreld en die lewe waarin ons is. Paulus het al in die begin van hierdie brief daarop gewys hoe daar twee mense was wat hy by name as afvalliges beskou het. 1 Tim 1:19-20 *20 Onder hulle is daar Himeneus en Aleksander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle daardeur kan leer om God nie te laster nie.* Duidelik praat God van twee manne wat op ’n harde manier maar harde lesse sal moet leer.

Dit wat Paulus oor hulle uitspreek is duidelik dat hulle aan Satan oorgegee is. Nou is ons in hoofstuk 4 waar dit weereens bevestig word Satan is aan die werk in hierdie wêreld. Met die vorige preek het ons nie net moes besef hoe daar al groter afval gaan wees nie, maar het ons ook dit gestel wie dwaalleer verkondig is eintlik ook aan Satan verbind- dwaalleer is demonies. Hoofstuk 4 vers 1 stel dit- die 2020 Vertaling- *Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste dae sommige mense van die geloof afvallig sal word, <u>omdat hulle hulle ophou met dwaalgeeste en die leringe van demone ...</u>*

Dwaalleer wat op soveel terreine van ons lewe inslag kry. In mense se beskouing oor die Bybel, asof die Bybel maar net 'n menseboek is, mense se gedagtes, belewenisse en uitsprake wat hulle oor God wou maak, word maar gewoon gesien as mense wat oor God praat. Asof dit nie God Self is wat vanuit sy Woord praat nie. Dit is 'n dwaling om die Bybel bloot as 'n menseboek af te maak, terwyl die Here ons anders leer. Die besondere woorde wat ons in 1 Thessalonicense 2 ook lees, hoe Paulus die Here dank as mense die woorde wat hy geskryf het nie as gewone mensewoorde beskou nie- vers 13 ... *13 Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het nie as die woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die woord van God wat ook werk in julle wat glo.*

***

Hoe baie dwalinge bestaan daar nie net rondom wat mense met die Bybel maak en die Bybel mee afmaak nie, maar ook rondom mense se kerkbeskouing. Weereens word die kerk gesien as dit is 'n mense-besluit, gewoon is dit vir baie 'n mense organisasie waar mense maar vrywillig kan besluit of hulle eredienste wil bywoon of nie wil bywoon nie. Hier dink ons aan Hebreërs 10 wat dit duidelik maak die bywoning van eredienste is nie iets waaroor ons as mense 'n oordeel uitspreek nie, maar God praat daaroor. Hoor die ernstige waarskuwing in vv 25-27 (Hebreërs 10) ... *25 en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom. 26 Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, 27 maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer.*

Hebreërs praat van die dag wat nader kom en so het 1 Tim 4 ook gepraat van die wêreld se naderende einde, hoe die afval al groter gaan word. Swak erediens bywoning val beslis onder die lys van opsetlike sondes. So iemand peuter met sy/haar opstanding! Hierdie feit plaas jou en my nie net in wat aan die begin van 1 Timotheus 4 staan nie, maar kom ons by die einde van die hoofstuk dan word dit 'n saak wat elkeen by homself/haarself moet uitmaak. Hoe is dit met my persoonlike leer en lewe gesteld! Eintlik hanteer Paulus dit by Timotheus interessant genoeg in die omgekeerde orde. Kyk na jou lewe dan sal daar na jou leer gekyk kan word. Daarom dat ons ook begin dat ek eerstens na my lewe moet kyk:

***<u>Let op jou lewe:</u>***

Leer en lewe is soos 'n huwelik. Wat God saamgevoeg het, mag ons as mense nie wil skei nie. Die een hou die hande van die ander een vas. Ons leer, m.a.w. die inhoud van wat ek

glo, die dinge wat vanaf hierdie kansel verkondig word moet die ware leer was. Moet in alles met die Woord van God wil ooreenstem. Ons toets is die belydenisskrifte, spesifiek ook die Drie formuliere van eenheid. Die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Dordtse Leerreëls. Tog bly dit merkwaardig ek kan dalk 'n baie gesonde leer voorhou, ek kan maak asof ek goed gereformeerd is, maar begin Paulus in sy skrywe aan Timotheus nie by die leer nie, maar by die lewe.

Ons kan dit ook noem die ware toets lê in die praktyk van die lewe. Dit wat net voor ons teksverse staan is deurslaggewend. In die Grieks kom dit daarop uit dat hieraan moet sorgvuldig aandag gegee word. Jy moet jou daarop toelê wat dan spesifiek al die dinge is wat in vv. 12-14 staan. Lê jou toe in *jou woorde, jou gedrag, jou liefde, jou geloof, jou reinheid.* Lê jou daarop toe om uit die Woord van God te lees, te preek en onderrig te gee. Moet nie jou genadegawes verwaarloos nie. Dit is 'n geskenk aan jou. Ons verdien dit nie, ons het dit uit God se hand ontvang. Verniet! Niemand kon dit koop en betaal nie. God het dit vir jou gegee. Paulus wys dan vir Timotheus hoe sy lewe as predikant saamsluit. Toe hulle vir Timotheus die hande opgelê het, soos dit met elke proponent moet gebeur wanneer hy in sy eerste gemeente bevestig word, dan word dit gebind aan 'n profesie oor daardie mens. Merkwaardig die einde van vers 14- *... Dit is aan jou gegee deur die profesieë toe die raad van ouderlinge jou die hande opgelê het.*

Bedienaars van die Woord moet uit die profesie oor hulle uitgespreek lewe; die hande hulle opgelê is eintlik 'n oplegging van wat God sê , dit wat God in Christus oor hierdie bedienaar profeteer. Dan moet die bedienaar se lewe wees dit wat God van hom verwag. Sy fokus as werk van predikant mag nooit wees om mense gelukkig te hou nie, maar moet sy fokus wees hy staan in diens van Jesus Christus, die Hoof en Koning van sy Kerk.

***

Tog moet dit ons elkeen se fokus in hierdie kerk van die Here wees. Ons moet fokus wat dit beteken en wat dit alles insluit om as goeie diensknegte van Jesus Christus te lewe. Ons woorde, ons gedrag, ons reinheid, God se liefdegawe aan ons, wat maak ek daarmee? God se eerstelinggawe aan ons is die Heilige Gees wat Hy oor ons uitgestort het. Die Gees wat in ons wil woon en werk. Hoe ons God se liefdegawe werklik as genadegawe uitleef. M.a.w. baie van die dinge gaan nie oor 'n abstrakte vraag hoe lyk jou lewe nie, maar hoe lewe jy dit uit dit wat jou genadegawe is. Dit wat God aan jou en my geskenk het. Dit wat die eintlik konkrete praktiese vraag is wat voor God geantwoord moet kan word. Wat maak ek met die

gawes wat God aan my gegee het. Ons het die besondere gelykenis ook in die Here se Woord waar die gawes as talente/muntstukke voorgestel word. Mattheus 25 is bekend waar die een vyf talente ontvang het, die ander een twee en die ander een wat net een talent ontvang het (Matt. 25:14-30). Alles genade uit God se hand en op die einde die een wat in sy lewe nie met God se genadegawe gewerk het nie, maar dit vir homself/haarself wou hou, dit gaan begrawe het, dit is van hom weggeneem. Dit is gegee aan die een wat reeds sy talente kon verdubbel, ja in diens van God seën God die mens wat nie in sy lewe sy gawes terughou nie. Kyk maar in jou lewe of dit so is, God wil dat ons Hom hierin toets.

***

Die lewe is in baie opsigte een groot toets waarmee God ons lewe lank mee besig is. Ander ervaar dit as beproewinge, ander as louteringe, maar dat ons voor God ons sal moet verantwoord, presies wat my en jou lewe aangaan, laat daaroor nie twyfel wees nie. Daarom dat daar tye is wat die lewe voor die leer moet kom staan. Dit is 'n harde realistiese lewe waarin ons is, maar dit is 'n lewe altyd voor God se aangesig. Niks wat ons vir die Here kan wegsteek nie. Daarom dat Paulus aan Timotheus ook die lewe teken as soos 'n oefenveld. Vers 7 – *Oefen jouself om Godvresend te lewe.* Die 1983 vertaling sê - *Oefen jou liewer om in toewyding aan God te lewe.* Om te oefen vra inspanning maar die wonderlike is as daar oefening is, is daar ook groei. Dit behels in alle opsigte harde werk in 'n harde lewe want niemand se geloof is vanselfsprekend en sal vanself groei nie. Beproewinge, louteringe bring groei en dit hou nie op nie. Vers 10 vat dit eintlik vir ons mooi saam- *10 Met hierdie vooruitsig span ons ons kragte in en stry ons, want ons het ons hoop op die lewende God gevestig, wat die Verlosser is van alle mense, van almal wat glo.* Die 2020 Vertaling stel dit nog sterker *10 Want hiervoor werk ons hard en stry ons ...* So besef ons ons tweede gedagte bou direk voort op wat ons reeds gesê het. As daar na jou lewe gekyk moet word moet daar net soveel na jou leer gekyk word ...

***<u>Let op jou leer:</u>***

Wie hard werk en hard stry vir die dinge wat werklik vir God belangrik is, 'n lys van dinge vir ons opgesom. Dit word 'n groei in Godvresendheid wat die 2020 Vertaling dit mooi stel. *Oefen jouself om godvresend te lewe...* staan hier. Dan kom dit daarop neer ek moet almal se nukke en grille kan hanteer, want ons almal het nukke grille, maar ons moet verby dit kan werk. Paulus stel dit nog ernstiger – *Vermy goddelose en dwase mites...* In die Grieks kom dit daarop neer dat die ouvroustories van die dwaalleraars vermy moet word. Mense maak so maklik stories en dan word dit later 'n moeilike storie om te hanteer. Timotheus moes leer om daarbý verby te leef.

Facebook en WhatsApp en so baie instrumente in die hande van sosiale mediagebruikers met ’n versie vir ’n dag of ’n mooi gedagte is seker goed en wel, maar ’n vers buite konteks aangehaal is eintlik beter om dan nie so ’n vers te misbruik nie. Veral ook die werk van engele word in die sosiale media heeltemal buite verband geruk. Pasop daarvoor!

Om godvresendheid te leer en daarin te groei is om werklik jou hoop op God te plaas. In alles moet ons op die Here kan vertrou. In die Godvresendheid is daar ’n aangrypende belofte vervat. Ons moet dit onsself aanleer om andere dit ook te leer. Glo werklik die dinge wat God uit sy Woord belowe en dat God sal sorg dat jy saam met Hom ewig sal lewe. Dit is ’n belofte vir die hede en die toekoms. Glo werklik dat jy ’n verloste kind van God is en dat God reeds in hierdie lewe vir my sorg. Wanneer ons naby God lewe dan sal ons leer ook wees dat jy sekerheid kan hê; ook daardie sekerheid dat ek aan God behoort.

Die dwaalleraars en baie dwalinge vandag nog fokus meestal op uiterlike dinge. Jy sal ryk wees, sommige teoloë is heeltyd met welvaart teologie besig. Hulle kerke en huise lyk soos paleise, hulle vlieg met helikopters rond. Paulus wys vir Timotheus hoe die dwaalleraars se vertrekpunt so dikwels die uiterlike dinge is. Dinge wat jy nie mag eet nie, die huwelik word verdraai. Wie met die ware kerk en die ware leer besig is, begin nie by die uiterlike maar grotendeels by die innerlike. Ware verandering kom uit hart uit. Hoe mooi bring vers 8 die uiterlike maar dan nog belangriker die innerlike bymekaar- *Om jou liggaam te oefen, het wel 'n bietjie waarde, maar om in toewyding aan God te lewe, het in alle opsigte groot waarde, want dit bevat 'n belofte van lewe, vir nou en die toekoms.*

Die ware leer en die werklik godvresende lewe moet eintlik soos die twee spore van ’n spoorlyn voor ons uitgestrek lê. Die trein het albei nodig om op die spoor te bly. Ek en jy het ook albei so nodig om op die spoor te bly. Ek moet nie draaitjies met God se Woord wil loop nie. Dinge daar wil uithaal, wat werklik daar staan. Dinge daar wil byvoeg wat werklik nie daar staan nie.

Werk altyd as uitgangspunt met hoe Jesus met die Woord van God gewerk het. DAAR IS GESKRYWE was Jesus se uitgangspunt. Ook toe Jesus as 30 jarige deur die Satan versoek was en Satan ook met die Bybel besig was, dan is Jesus se Skrifgebruik so duidelik in die mees skerpste en verfynde vorm aan die werk. Jesus sê vir die duiwel ... DAAR IS OOK

GESKRYWE (Matt. 4:7). Elke keer vat Jesus die Satan na God se Woord toe, na die regte leer. Opmerklik hoe baie keer Jesus die woord "GESKRYWE" in sy antwoorde aan Satan beklemtoon (Mat 4: 4,6,7,10). Ons beskouing oor God se Woord en die belang van wat geskrywe is, mag tog nie anders daar uitsien, anders as wat Jesus ons geleer en hoe Jesus die Woord van God hanteer het nie. En dit bring ons by die laaste van gedagtes vandag- Paulus wys vir Timotheus op die belang van die regte lewe, op hoe die ware leer daar moet uitsien en dan sê Paulus eintlik iets vreemd ... *want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as dié wat na jou luister.*

***<u>Jy sal jouself en ander red:</u>***

Jy sal jouself en ander red ... Ons weet tog baie goed en Paulus beklemtoon dit in sy ander briewe so duidelik en breedvoerig dat ons alleen in Christus gered kan word. In wat Christus vir ons gedoen het, in sy soendood, deur Sy verdienste word ons gered, omdat ons uit onsself ons nie kan red nie. Uit onsself verdien ons eintlik die ewige dood en sal niemand gered word buite Christus om nie. Weereens dit is die ware leer waaruit ons moet lewe! Daarom weer die vraag wat word bedoel dat jy jouself en ander op watter wyse ook al dan kan red?!

Dit gaan beslis nie om 'n redding wat jou die ewige saligheid inlei nie, want alleen Christus kan dit doen. Tog sien Paulus die dwaalleraars en 'n onverskillige leer en lewe as iets waarvan ons gered moet word. So ernstig is dit! In die hoor van die Here se Woord is daar redding opgesluit, daarom dat prediking en eredienste en ware kerk-wees jou dieper die ware lewe moet laat insien en ek sonder die ware leer nie kan lewe nie. Die ware leer verkondig die besondere redding vir die gelowige.

Nie hoe ek dit kan verkry nie, maar hoe dit my reeds geskenk is vanuit Christus en vanuit Hom alleen. Wie op hierdie leer van alleen in Christus is daar vir ons redding; wie hierop nougeset aandag gee, is reeds gered. In Christus gee ons dan nougeset aandag op al die dinge wat vanaf vers 6 tot 16 staan. Is alles dinge wat by jou en my lewe en leer moet inpas. Moet nie daarmee rondspeel nie. Persoonlike toewyding aan God, openbare optrede voor God, weereens leer en lewe is soos 'n tweesnydende swaard wat reg hanteer moet kan word. Dit plaas die seël op die verkondiger van die Woord dat hy gered is, tog kom dit ook die gemeente toe. Julle is gered omdat julle die ware verkondiging aangeneem het, vir wat dit werklik is. Nie gewoon maar net die woord van 'n mens nie, maar neem dit aan as die Woord van God (weereens 1 Thes 2: 13). Dit is 'n woord wat werk in mense wat glo. Hierin moet ons kan volhard.

Dit is die basiese waarmee gewerk moet word. Hou aan om die Woord te verkondig; bly by die deugde en voorbeelde van vv. 6 tot 16, dan weet ons by voorbaat dit is die dinge wat gaan uitloop op die ewige lewe. Ware kerke kan van die buitekant af verskillend lyk. Omstandighede verskil, mense se persoonlikhede verskil, elke ware gemeente het ook sy eie unieke uitdagings, ook dinge wat vir ons intimiderend mag lyk. Maar u en ek as gelowige moet vandag besef, God het dit weereens onderstreep. Hoe die binnekant van die kerk in Efese moes lyk en hoe die binnekant van die kerk in Postmasburg aan die werk moet wees is een en dieselfde binnewerking.

Dit is die binnewerking van alle ware kerke nog deur alle eeue. Verkondig die Woord en lewe volgens die Woord. Tydig en ontydig. Eenvoudig dit gaan om leer en lewe. Dit is hoe elke predikant elke gemeente waarheen hulle geroep word moet bedien. Nie met fieterjasies en allerhande stories en goeters wat mense tevrede moet stel en hulle in hulle gehoor gestreel wil wees nie. Hoeveel kerke is besig met ’n karikatuur van wat ware geloof en wat die ware lewe is. Mag dit vir ons ’n vreugde wees om na die Woord van God te wil luister, mag ons daarop gefokus wees om in Godvresendheid te groei, mag die Heilige Gees dit alles gebruik om ons te verseker dat ons vir ewig aan die Here behoort.

AMEN